102/2/3 Vol II

RESEARCH

E.A. 2.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE
DEPARTMENT OF FOREIGN AFFAIRS

Nr.
No. 102/2/3 VOL II

ONDERWERP.—SUBJECT.

KERGEULEN ISLAND

Nr.
No.

Verwante Lêers:
Relative Files:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |

137/11/4
1/30/11
→ 102/2/3

Nadat die persberig op 11 Januarie 1959 in die „Sunday Times" verskyn het - in verband met die moontlike ontploffing van 'n atoombom deur Frankryk in die Suid Indiese Oseaan (Kerguelen Eiland) - is die President van die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad, die Departement van Verdediging en die Ambassadeur, Parys, genader om kommentaar te lewer oor die feit dat die ontploffing van so 'n kernwapen 'n moontlike invloed op Suid-Afrika mag hê. Dit, veral as gevolg van die feit dat die betrokke eiland relatief gesproke, in die nabyheid van die Unie geleë is.

Hierdie briewe is ongeveer 3 weke gelede aan die bogenoemde Departemente en die Ambassadeur gerig en tot dusver is geen antwoord nog ontvang nie. Sodra die betrokke persone ons van hulle sienswyse in kennis stel, sal ek dit dan u oordra.

JCB/TLC

File
JCB
11/2

102/2/3
102/2/9/1.

PRETORIA.

9 JUN 1961

Die Voorsitter,
Suid-Afrikaanse Nasionale Komitee
vir Antarktiese Navorsing,
Weerburo,
PRETORIA.

Notule van S.A.N.K.A.N. Vergadering op 4 Mei 1961 : Voorgestelde Ekspedisie na Kerguelen.

Ek verwys na die besluit op bogenoemde vergadering dat die voorstel oor 'n ekspedisie na Kerguelenseiland na die Advieskomitee verwys moet word en dat, indien daar aanbeveel word om met hierdie plan voort te gaan, hierdie Departement deur diplomatieke kanale sal vasstel of Frankryk enige beswaar teen die ekspedisie sou hê.

Graag verneem ek nou of die aangeleentheid sedertdien enigsins verder gevoer is of nie. Indien daar met die projek voortgegaan word, sal volle besonderhede van die doelwitte van die ekspedisie en van fasiliteite wat op Kerguelen verlang word, asook van die name van lede van die ekspedisie en toerusting wat hulle sal vergesel, op prys gestel word.

I.S.F. BOTHA.

SEKRETARIS VAN BUITELANDSE SAKE.

WM/EV.

102/2/3
102/2/9/1.

AFGEHANDEL
TK 15/6
DATUM/DATE
DEALT WITH

PRETORIA.

-9 JUN 1961

Die Voorsitter,
Suid-Afrikaanse Nasionale Komitee
vir Antarktiese Navorsing,
Weerburo,
PRETORIA.

Notule van S.A.N.K.A.N. Vergadering op 4 Mei 1961 : Voorgestelde Ekspedisie na Kerguelen.

Ek verwys na die besluit op bogenoemde vergadering dat die voorstel oor 'n ekspedisie na Kergueleneiland na die Advieskomitee verwys moet word en dat, indien daar aanbeveel word om met hierdie plan voort te gaan, hierdie Departement deur diplomatieke kanale sal vasstel of Frankryk enige beswaar teen die ekspedisie sou hê.

Graag verneem ek nou of die aangeleentheid sedertdien enigsins verder gevoer is of nie. Indien daar met die projek voortgegaan word, sal volle besonderhede van die doelwitte van die ekspedisie en van fasiliteite wat op Kerguelen verlang word, asook van die name van lede van die ekspedisie en toerusting wat hulle sal vergesel, op prys gestel word.

J.S.F. BOTHA.

SEKRETARIS VAN BUITELANDSE SAKE.

F